# Markvergadering – 6 Maart 2024

**Mielies**

- Die VSA uitvoer inspeksies van mielies wat maandag vrygestel is, is gerapporteer op 1,084 miljoen ton wat in lyn met die markverwagting was wat tussen 850 000 en 1,350 miljoen ton gewissel het.

- VSA Etanol produksie het week-op-week effens afgeneem, maar bly relatief sterk nadat dit 'n daaglikse gemiddelde van 1,078 miljoen vate/dag in die week 23 Februarie bereik het.

- Argentinië se Buenos Aires graanbeurs het geen veranderinge aangebring in sy jongste skatting van die land se 2023/24 mielie oes potensiaal nie met 'n skatting van 2,224 miljard skepels (56.4 milj ton). Produksie was die afgelope maande op 'n afwaartse neiging, maar onlangse reën het produksie oor die afgelope paar weke gestabiliseer.

- Die Buenos Aires Graanbeurs het aangedui dat Argentinië se mielie oes se goed/uitstekende toestand met 2% verbeter het tot 87%, dit was 44% verlede jaar en die 5 jaar gemiddelde is 78%.

- Volgens die jongste ramings van die European Commission, sal die EU mielie produksie vir die 2023/24 seisoen na verwagting 17% hoër wees as verlede seisoen se treurige poging (wat 'n 15-jaar laagte punt was) met 'n verwagte 2.453 miljard skepels (62.3 milj ton). Die EU eindvoorraad vir die 2023/24 bemarkingsjaar word nou op 755,0 miljoen skepels (19.1 milj ton) verwag.

**Soja**

- Die VSA uitvoer inspeksies van sojabone wat maandag vrygestel is, is gerapporteer op 1,021 miljoen ton wat in lyn met die markverwagting was wat tussen 450 000 en 1,425 miljoen ton gewissel het.

- Die VSA NOPA sojaboon pers syfer vir Januarie maand is op 194.8 miljoen skepels gerapporteer, wat laer is as die markverwagting van 196.6 miljoen skepels.

- Die Buenos Aires Graanbeurs het aangedui dat Argentinië se sojaboon oes se goed/uitstekende toestand met 2% verswak het tot 82%, dit was 34% verlede jaar en die 5 jaar gemiddelde is 75%.

- Argentinië se Buenos Aires graanbeurs het geen veranderinge aan sy ramings vir die land se 2023/24 sojaboon produksie gemaak nie, en het ook opgemerk dat meer as 72% van sy oppervlakte 'voldoende' of 'optimale' toestand ervaar. Daarom het produksie verwagtinge bestendig gehou op 1,929 miljard skepels (52.4 milj ton). Dit is net bo die USDA se jongste skatting van 1,837 miljard skepels (49.9 milj ton) wat die agentskap vroeër gemaak het het.

- Brasilië se Abiove het sy raming vir die land se 2023/24 sojaboon produksie vir 'n tweede keer gesny nadat hy 'n nuwe projeksie van 5,651 miljard skepels (153.7 milj ton) geskat het, met verwysing na wyd verspreide warm, droë toestande. Sou dit realiseer, sal dit 'n jaar-tot-jaar afname van 3,3% wees. Abiove verwag dat die Brasiliaanse sojaboon uitvoere 3,594 miljard skepels (97.8 milj ton) in 2024 sal bereik, met sojameel uitvoere wat ongeveer 21,6 miljoen ton sal beloop.

- Die Brasiliaanse konsultasie maatskappy AgRural het berig dat die land se 2023/24 sojaboon stroop proses tot en met 29 Februarie 48% voltooi was, wat 'n bietjie hoër is as verlede seisoen se pas van 43%. Die land se tweede mielie aanplantings het 86% oor dieselfde tydperk bereik, vergeleke met 73% die vorige week en voor verlede seisoen se pas van 70%.

**<u>Koring</u>**

- Die VSA uitvoer inspeksies van koring wat maandag vrygestel is, is gerapporteer op 353 137 ton wat in lyn met die markverwagting was wat tussen 300 000 en 550 000 ton gewissel het.

- Indië se regering het berig dat hul verwag dat die land se 2023/24 koring produksie 0,9% bo verlede jaar se produksie sal wees om 'n nuwe rekord van 4,115 miljard skepels (111.9 milj ton) te bereik. Die huidige oes sal na verwagting later vandees maand begin geoes word, Indië hoop om hoë voedsel inflasie, wat in Januarie alleen met 8,3% hoër gespring het, te verminder.

- FranceAgriMer skat dat 68% van die land se 2023/24 sagte koring oes tot en met 26 Februarie in 'n goeie-tot-uitstekende toestand was, wat een punt laer is teenoor die vorige week. Dit is die laagste gradering vir hierdie tyd van die jaar sedert die 2020/21 seisoen.

- Die Russiese konsultasie maatskappy Sovecon skat dat die land se koring uitvoere in Februarie 150,6 miljoen skepels (4.09 milj ton) bereik het. Dit was 'n maand-tot-maand toename van 13,9% en die grootste maandelikse volume sedert verlede jaar Oktober.

**The revised area planted estimate and first production forecast for summer crops for 2024 is hereby released.**
**Hiermee word die hersiene oppervlakte- en eerste produksieskatting vir somergewasse vir 2024 vrygestel.**

**SUMMER CROPS –** REVISED AREA PLANTED AND FIRST PRODUCTION FORECAST: 2024
**SOMERGEWASSE –** HERSIENE OPPERVLAKTE- EN EERSTE PRODUKSIESKATTING: 2024

| CROP/GEWAS | **Area planted/ Opp beplant 2024 Ha (A)** | **1st forecast/ 1ste skatting 2024 Tons (B)** | Area planted/ Opp beplant 2023 Ha (C) | Final crop/ Finale oes 2023 Tons (D) | Change/ Verandering/ % (B) ÷ (D) |
|---|---|---|---|---|---|
| **Commercial/Kommersieël:** | | | | | |
| White maize/Witmielies | **1 557 750** | **7 040 900** | 1 521 300 | 8 505 000 | -17,21 |
| Yellow maize/Geelmielies | **1 081 500** | **7 318 400** | 1 064 800 | 7 925 000 | -7,65 |
| Total Maize/Totale Mielies | **2 639 250** | **14 359 300** | 2 586 100 | 16 430 000 | -12,60 |
| Sunflower seed/Sonneblomsaad | **559 500** | **671 100** | 555 700 | 720 000 | -6,79 |
| Soybeans/Sojabone | **1 122 500** | **2 139 480** | 1 148 300 | 2 770 000 | -22,76 |
| Groundnuts/Grondbone | **41 200** | **64 395** | 31 300 | 53 000 | +21,50 |
| Sorghum | **42 100** | **110 780** | 34 000 | 94 360 | +17,40 |
| Dry beans/Droëbone | **39 550** | **59 880** | 36 650 | 50 260 | +19,14 |
| TOTAL/TOTAAL | **4 444 100** | **17 404 935** | 4 392 050 | 20 117 620 | -13,48 |